higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1500**(A)**(J8)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4

(10050314)

8 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Hardehout word verkry van bome met breë blare.

1.1.2 ‘n Digte mat is nie duursaam nie.

1.1.3 Spieëlteëls verhelder ‘n kamer.

1.1.4 Sy (‘Silk’) wat op papier vasgegom word kan as muurpapier gebruik word.

1.1.5 Sagte poreuse materiale word gebruik om klank te absorbeer.

1.1.6 ‘n Donker vloerbedekking is ideaal vir klein kamers.

1.1.7 Alle sintetiese vesels word chemies vervaardig.

1.1.8 Axminster-matte word op ‘n jacquardweefgetou geweef.

1.1.9 Die dadoreling beskerm the muur teen stoelrugleunings.

1.1.10 Blootstelling aan lig is geneig om hout te laat verkleur.

1.1.11 Keramiekteëls word van klei en ‘n dun lagie glasuur gemaak.

1.1.12 Matte met ‘n pool ‘(pile’) het nie enige onderlegsel (‘underlay’) nodig nie.

1.1.13 ‘n Nis (‘niche’) is a klein opening in the muur naby die plafon.

1.1.14 Wol het die beste eienskappe vir ‘n goeie pool in ‘n mat.

1.1.15 Muurpapier op ‘n plafon kan ‘n fokuspunt wees.

1.1.16 Kleiteëls is slegs in ‘n tradisionele baksteenrooi beskikbaar.

1.1.17 ‘n Dubbele skuifvenster (‘double-hung window’) is ‘n skuifraamvenster (‘sash window’).

1.1.18 Leisteen (‘Slate’) word onder baie hoë temperature geproduseer.

1.1.19 Mure het ‘n uitwerking op die temperatuur in ‘n kamer.

1.1.20 Rubber is ‘n sintetiese samestelling.

(20 × 1) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Gee ‘n kort verduideliking van elk van die volgende:

1.2.1 Medaljon
1.2.2 Argitraaf
1.2.3 Gestootvoegde (‘Butt-jointed’) vloere
1.2.4 Veerkragtig (‘Resilient’)
1.2.5 Klassiek
1.2.6 Klipgroef (‘Quarry’)
1.2.7 Akoestiekteëls
1.2.8 Silinder-drukwerk
1.2.9 Diepgekleurde (‘Ingrain’) papier
1.2.10 Kroonlys (‘Cornice’)
1.2.11 Vuurkis (‘Firebox’)
1.2.12 Bolig (‘Skylight’)
1.2.13 Vlokwolmat (‘Flocked carpet’)
1.2.14 Blokkiesvloer (‘Parquet floor’)
1.2.15 Tiksotropiese verf

(15 × 1) (15)

1.3 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Rayonmateriaal (kreukel maklik/is kreukeltraag).

1.3.2 Hoe meer lig vanaf ‘n vloer gereflekteer word, hoe (groter/kleiner) die kamer lyk.

1.3.3 Houtpaneelwerk laat ‘n kamer (formeel/informeel) lyk.

1.3.4 Muurpapier soos ons dit ken is deur ‘n (Engelsman/Fransman) uitgevind.

1.3.5 (Klapperhaar/Katoen) word gebruik vir matte met ‘n goedkoper pool.

1.3.6 Dralon is (brandvas/nie-brandvas).

1.3.7 ‘n Nis is ‘n (ronde gat/uitholling) in ‘n muur.

1.3.8 Rayonvesels het ‘n (beperkte/wye) toepassing.

1.3.9 Poliëster (kan/kan nie) in direkte sonlig droog gemaak word (nie).

1.3.10 Minder digtheid in die pool van ‘n mat beteken dit is (meer/minder) duursaam.

1.3.11 Veselglasteëls word gebruik vir (lig in mure/klankdigte plafonne).

1.3.12 Anaglypta word gemaak van (gipsvorms/gebosseleerde katoenvesel).

Kopiereg voorbehou

1.3.13 Metaal word gebruik in vermengde (‘blended’) matte om hulle (duursaam/anti-staties) te maak.

1.3.14 Geverfde hout kan beskou word as (vlambaar/nie-vlambaar).

1.3.15 Matte met ‘n luspool word (op die regte hoogte gesny/ongesny gelaat).

(15 × 1) (15)

1.4 Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B om by ‘n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Vuurherd (‘Hearth’)	A	sal die lig reflekteer
1.4.2	Kroonlys (‘Cornice’)	B	fineer wat reghoekig vasgelym is
1.4.3	Grondlaag (‘Primer’)	C	skeiding tussen die muur en die plafon
1.4.4	Leisteen	D	kom voor in bergagtige dele
1.4.5	Mat met hoë pool	E	die vloer van ‘n vuurmaakplek
1.4.6	Blink tekstuurmure	F	bind oppervlak vir ‘n gladde afwerking
1.4.7	Wolmat	G	word gereserveer vir stiller areas
1.4.8	Gelyke lus (‘Level loop’)	H	glad (‘slippery’)
1.4.9	Laaghout	I	maklik om te kleur en is kleurvas
1.4.10	Marmer	J	ongesnyde pool van eenvormige hoogte

(10 × 1) (10)

[60]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vraag.



rm%20drawing-Jana.JP Saved from **mrelsingergrade6forums.y**

'n Kliënt het die kamer hier bo afgekeur. Dit moes 'n moderne kamer gewees het met 'n tikkie nostalgie. Die binneversierder het dit total verkeerd verstaan.

Hoe sou jy dit regstel? Maak voorstelle vir die vloer, mure en plafon.

Beskryf die beste materiale om te gebruik. (10)

2.2 Bestudeer die prente hier onder en beantwoord die vraag.



A **B** **C** **D**

http://designstrategist.co/ http://designstrategist.co/ za.pinterest.com za.pinterest.com

Noem die stylperiode van elk van die prente in A–D hier bo. Skryf slegs die antwoord langs die letter (A–D) in die ANTWOORDBOEK neer. (4 × 2) (8)

2.3 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



http://www.antiqueorientalrugs.com/

2.3.1 Gee die naam van die soort mat hier bo. (1)

2.3.2 Bespreek die hoofpunte van die ontwerp van hierdie soort mat. (7)

2.3.3 Bespreek kortliks die materiale en metodes wat gebruik word om hierdie matte te weef. (3)

2.3.4 Wat is so spesiaal aan die pool ('pile') van hierdie matte? (1)

2.4 Bestudeer die prente hier onder en beantwoord die vrae.



https://en.wikipedia.org

A



https://en.wikipedia.org

B



http://www.elespartano.com/

C



http://www.bloomsburgcarpet.com/

D



http://www.kashianbros.com/

E

2.4.1 Noem die soort knoop wat gebruik word in die prente in A–E hier bo. Skryf slegs die antwoord langs die letter (A–E) in die ANTWOORDBOEK neer. (5)

2.4.2 Bespreek elk van die knoopsoorte wat in VRAAG 2.4.1 genoem word. (5 × 3) (15)

[50]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik hoe die gebruik van kleur 'n …

3.1.1 klein kamer groter kan laat lyk.

3.1.2 groot kamer kleiner kan laat lyk.

(2 × 5) (10)

3.2 Gee die eienskappe van glasvesel ('glass fibre'). (10 × 1) (10)

3.3 Waarom gebruik ons mure in 'n huis? (4 × 2) (8)

3.4 'n Kliënt moet 'n keuse maak tussen muurpapier en verftegnieke. Sy bly in 'n huis wat in die twintigerjare gebou is. Sy wil hê die muur moet net tot by die prentereling ('picture rail') versier word.

Wat stel jy voor doen sy? Die besluit is joune en jy moet haar oortuig dat dit die regte besluit is. (12)

3.5 Bespreek *laaghout* ('layered wood'). (10)

[50]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vraag.



http://verolinens.com/

Evalueer die slaapkamer hier bo en lewer kommentaar oor hoe dit verbeter kan word. (6)

4.2 Beskryf die funksionele aspek van lyswerk (‘mouldings’) in ‘n kamer. (14)

4.3 Watter soort vloerbedekking sou jy voorstel vir ‘n familiewoning met drie kinders wat nog pre-tieners (‘pre-teenagers’) is. Motiveer jou voorstelle. (10)

4.4 Noem TIEN soorte vensters. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou